# FAKULTEIT INGENIEURSWESE

## Nuusbrief vir 2026 Nuweling Eerstejaar Ingenieurstudente

## Dekaan se boodskap

'n Hartlike welkom aan al ons nuweling eerstejaar ingenieurstudente. Ons vertrou dat jou tyd by Ingenieurswese 'n positiewe en suksesvolle ervaring sal wees en sal lei tot 'n welverdiende ingenieursgraad.



**Dekaan: Ingenieurswese**
**Prof JL (Wikus) van Niekerk**
Algemene Ing. gebou
5de vloer
021 808 4204
engdean@sun.ac.za

Die ingenieurskursus is 'n vol program wat dikwels die opoffering van tyd en plesier verg ten einde sukses te kan behaal. Ons vertrou dat julle die nodige oordeel aan die dag sal lê om te weet wanneer om te studeer en wanneer om te ontspan, want laasgenoemde is ook nodig! Jul aandag word spesifiek gevestig op die **Universiteitsjaarboek (dele 1, 2 en 3)** asook die **Fakulteit se jaarboek**, waarin besonderhede verskyn aangaande 'n wye verskeidenheid aangeleenthede wat jul studie mag raak. Hierdie dokumente bevat die reëls wat van toepassing is op al ons programme. Daarbenewens kan addisionele dokumentasie op die **Fakulteit se webwerf** gevind word, insluitend die **assesseringsreëls**.

Moenie huiwer om met jul dosente kontak te maak wanneer julle probleme van enige aard ondervind nie. Ons wil julle trouens aanmoedig om jul dosente met vrymoedigheid te nader met enige probleme wat 'n nadelige invloed op jul akademiese werk kan uitoefen. U is ook welkom om me Natalie White (natalies@sun.ac.za) en mnr August Engelbrecht (august@sun.ac.za) te kontak met enige probleme wat u ondervind, hetsy akademies, persoonlik of finansieël van aard.

Ons gee om vir u welsyn, en eerstejaarstudente is hartlik welkom om 'n afspraak met my te maak oor enige aspek met betrekking tot hul studies. (Departementele voorsitters hanteer die senior studente se probleme.) Afsprake kan by die Dekaan se kantoor gemaak word by my persoonlike assistent, me Marilie Oberholzer (marilie@sun.ac.za). Dit is in ons almal se belang dat u suksesvol is, laat ons as 'n span saamwerk, mekaar ondersteun en ons probleme openlik deel sodat dit aangespreek kan word.

**Ons wens u 'n baie suksesvolle eerstejaar toe!**



**Afsprake met die Dekaan**
**Me Marilie Oberholzer**
Algemene Ing. gebou
Dekaansafdeling, 5de vloer
021 808 9320
marilie@sun.ac.za

## Wie kan help?



**Visedekaan: Onderrig en Gehalteversekering**
**Prof Celeste Viljoen**
Algemene Ing. gebou
Dekaansafdeling, 5de vloer
021 808 4444
celesteviljoen@sun.ac.za



**Visedekaan: Navorsing en Industrieskakeling**
**Prof Corné Schutte**
Algemene Ing. gebou
Dekaansafdeling, 5de vloer
021 808 4234
corne@sun.ac.za



**Toelatings en studenteregistrasie**
**Me Nicole Hartzenburg**
*(Admin A is tans onder konstruksie)*
021 808 4835
nicolepa@sun.ac.za



**Studente-ondersteuning, tutorprogram en verlengde graadprogram**
**Me Natalie White**
Algemene Ing. gebou
Dekaansafdeling, 5de vloer
021 808 3614
natalies@sun.ac.za



**Studenteretensie en -ondersteuning**
**Mnr August Engelbrecht**
Algemene Ing. gebou
Dekaansafdeling, 5de vloer
021 808 3947
august@sun.ac.za



**Algemene navrae, verlore goedere**
**Me Ainsley Truter**
Algemene Ing. gebou
Dekaansafdeling, 5de vloer
021 808 4203
atruter@sun.ac.za

# Eerste Semester Dosente van Eerstejaarsmodules

## Toegepaste Wiskunde B124



**Koördineerder**
**Dr A de Villiers**
Alg. Ing. gebou
Kantoor: A3051
Tel: 021 808 9741
andiedevilliers@sun.ac.za



**Prof S Fidder**
Alg. Ing. gebou
Kantoor: A3038
Tel: 021 808 4225
fidder@sun.ac.za



**Dr P Nchupang**
Alg. Ing. gebou
Kantoor: A3035
Tel: 021 808 4216
pchupang@sun.ac.za



**Dr C Hansraj**
Alg. Ing. gebou
Kantoor: A3064
hansracj@sun.ac.za

## Ingenieurswiskunde 115



**Koördineerder**
**Dr M Askes**
Bedryfsielk. gebou
maskes@sun.ac.za



**Dr F van Niekerk**
Bedryfsielk. gebou
Kantoor: 1023E
Tel: 021 808 3273
fkvn@sun.ac.za



**Dr L Baker**
Bedryfsielk. gebou
Kantoor: 1010A
Tel: 021 808 3286
liambaker@sun.ac.za

## Ingenieurschemie 123



**Koördineerder**
**Prof M Tadie**
Chem. Ing. gebou
Kantoor C317.3
021 808 4053
mtadie@sun.ac.za



**Prof R Pott**
Chem. Ing. gebou
Kantoor C228.5
021 808 2064
rpott@sun.ac.za



**Mr AP van Wyk**
Chem. Ing. gebou
Kantoor: C209
Tel: 021 808 4422
apvanwyk@sun.ac.za



**Mr N Harrisankar de Oliveira**
Chem. Ing. gebou
Kantoor: C228
nharrisanker@sun.ac.za

## Ingenieurstekeninge 123



**Koördineerder**
**Prof C Coetzee**
Meg. Ing. gebou
Kantoor: M5040
Tel: 021 808 4239
ccoetzee@sun.ac.za



**Dr B Ramatsetse**
**Meg. Ing. gebou**
Kantoor: M6012
Tel: +27 72 127 7476
ramatsetse@sun.ac.za



**Mr PEJ Trinchero**
Meg. Ing. gebou
Kantoor: M4025
Tel: 021 808 4265
ptrinchero@sun.ac.za



**Mr W Swart**
Meg. Ing. gebou
Kantoor: M6011
021 808 4028
wswart@sun.ac.za



**Dr L Grobler**
Meg. Ing. gebou
Kantoor: M6011
lindigrobler@sun.ac.za



**Dr P Govendar**
Meg. Ing. gebou
govendarp@sun.ac.za

## Interkulturele Kommunikasie 113



**Coordinator**
**Prof Karin Wolff**
Gen. Eng. Bldg
Alg. Ing. gebou
Dekaansafdeling,
5de vloer
wolffk@sun.ac.za



**Ms M Coetzee**
Language Centre
7 Bosman Straat
Tel: 021 808 2811
mcoetzee@sun.ac.za

## Ingenieursfisika 113



**Coordinator**
**Prof PH Neethling**
Physics Bldg.
Kantoor: 1042
Tel: 021 808 3365
pietern@sun.ac.za



**Dr PB Southey**
Physics Bldg.
Kantoor: 0056
Tel: 021 808 3361
southey@sun.ac.za

## Waarskynlikheidsleer en Statistiek 114



**Coordinator**
**Prof Willie Brink**
Alg. Ing. gebou
Kantoor: A3043
Tel: 021 808 4218
wbrink@sun.ac.za



**Ms Cornel Stander**
**Alg. Ing. gebou**
Kantoor: A3064
cornelstander@sun.ac.za

## Dekaanslesing



**Prof Wikus van Niekerk**
Alg. Ing. gebou
Dekaansafdeling,
5de vloer
021 808 4203
engdean@sun.ac.za



**Prof Celeste Viljoen**
Alg. Ing. gebou
Dekaansafdeling,
5de vloer
021 808 4444
celesteviljoen@sun.ac.za

# Akademiese Ondersteuning vir Eerstejaars

**» Waar vind ek die aanlyn US-inskakelingsprogram vir voornemende eerstejaarstudente?**
'n Opwindende nuwe **Verwelkomingsprogram** is aanlyn bekendgestel. Dit sal eerstejaarstudente in hul Fakulteit oriënteer asook hulle help om voor te berei vir hul studie en die unieke studentervaring wat op ons kampus wag.

**» Woon alle lesings en tutoriale by, en berei goed voor vir tutoriale**
Die normale lesings en tutoriale is ontwerp om studente te help om die werk te bemeester. Maak die beste gebruik van hierdie sessies as jou eerste prioriteit.

**» Maak 'n afspraak om jou dosent te sien**
As jy sekere aspekte probeer bemeester het, maar nie kon regkry nie, vra jou dosent vir 'n afspraak om hom/haar te sien. Mede- en senior studente kan jou ook help, maar jy sal seker wees dat jy die beste advies kry wanneer jy met die dosent praat.

**» Groepleersessies**
Op die meeste weeksdae vind groep-leersessies tydens middagete of direk ná gewone tutoria plaas. Studente word aangemoedig om hierdie sessies by te woon om vir die volgende dag se tutoria voor te berei. Dit bied 'n geleentheid om saam met medestudente te werk, met onderrigassistente wat beskikbaar is om leiding en ondersteuning te bied. Die lokaal sal afsonderlik gekommunikeer word.

**» Dekaanslesings**
Gedurende die weeklikse lesings in die eerste semester wanneer die Dekaan of Visedekaan met elke klasgroep gesels, ontvang jy advies oor studiemetodes, hoe om jou vordering te meet en waar jy hulp kan kry. Maak die beste gebruik van hierdie periodes deur op te let en die opdragte te doen.

**» Individuele tutors**
Die Fakulteit ondersteun NIE een-tot-een tutor nie, aangesien dit die ontwikkeling van jou onafhanklike leervermoë sal belemmer. Die ontwikkeling van hierdie vermoë is noodsaaklik vir die voltooiing van die BIng-program. Bogenoemde ondersteuningsgeleenthede is ontwerp om jou nie net te help om die modules te slaag nie, maar ook om die vaardighede wat jy in latere studiejare benodig, te ontwikkel.

**» Angs, stres en studiemetodes**
Moenie verbaas wees as jy gestres voel en 'n bietjie oorweldig word nie. Dit is normaal vir eerstejaarstudente in die BIng-programme. As jy egter agterkom dat jy meer en meer agter raak, of jy is só bekommerd dat jy nie doeltreffend kan werk nie, kontak **me Natalie White** vir 'n afspraak om een van die opvoedkundige sielkundiges van die Fakulteit te sien. Hulle sal jou adviseer oor hoe om die stres beter te hanteer en om jou studiemetodes aan te pas om meer produktief te werk.

# Gesondheid- en Veiligheidsreëls by Ingenieurswese

**» Geen kos of drinkgoed in lesinglokale nie:**
Kos en koeldrank is streng verbode in lesinglokale. Studente mag slegs onversoete water in die lesinglokale inbring.

**» Skakel jou foon oor na stil modus**
Wees bedagsaam teenoor jou dosente en klasmaats en skakel jou selfoon af voordat jy by 'n lesingslokaal, laboratorium of tutoriaalklas inloop.

**» Kaalvoet verbode**
Dra behoorlike skoene; kaalvoete en sandale is verbode in laboratoriums en werkswinkels. Volgens die Wet op Beroepsveiligheid word kaalvoete, plakkies of sandale onder geen omstandighede in die laboratoria of werkswinkels van die Fakulteit toegelaat nie.

**» Skaatsplanke nie in die geboue en gange toegelaat nie**
Skaatsplanke word nie in geboue/gange toegelaat nie
Geen skaatsplankry binnenshuis nie: Skaatsplankry is ontwrigtend en beskadig vloere - hou dit buite.

**» Rook en vaping reëls:**
Rook en/of vaping is verbode binnenshuis en binne 20m van ingange.

## Opvoedkundige sielkundiges



**Annette du Plessis**



**Inez Saunders**

» **Kontak** me Natalie White (natalies@sun.ac.za) om 'n afspraak te maak met een van die Fakulteit se opvoedkundige sielkundiges.

## Die ISR tot jou diens



**Kael Mostert**
**ISR Voorsitter**

» Die **Ingenieurstudenteraad** (ISR) is die besturende liggaam van die Vereniging van Stellenbosse Ingenieurstudente (VSIS). Raadslede word jaarliks verkies. Die ISR verteenwoordig die studente op verskeie hoër liggame en reël sosiale geleenthede vir ingenieurstudente.
Die eerste kwartaal verg baie aanpassing van enige student, en die ingenieurstudent moet boonop gewoond raak aan 'n hoë akademiese werkslading. Die ISR moedig jou daarom aan om met hulle te skakel indien jy probleme ondervind.
Kontak hulle by isr@sun.ac.za.

# Ingenieurswese Gebouekompleks

## Waar om die dekaan, departementele voorsitters en studente-ondersteuning te vind




Gaan die Fakulteit binne via ingang 6 of 7.

Die Dekaansafdeling is op die 5de verdieping van die Algemene Ingenieurswese gebou geleë.

1



**Siviel**
**Prof Nico de Koker**
Kantoor: S406
021 808 4348
civil_hod@sun.ac.za

2



**Elektries & Elektronies**
**Prof Japie Engelbrecht**
Kantoor: E409
021 808 2139
ee@sun.ac.za

3



**Meganies & Megatronies**
**Prof Johan van der Spuy**
Kantoor: M5006
021 808 3742
mmchair@sun.ac.za

4



**Chemies**
**Prof Christie Dorfling**
Kantoor: C310
021 808 4494
chemengchair@sun.ac.za

5



**Bedryfs**
**Prof Joubert van Eeden**
Kantoor: B2007
021 808 3617
industrial@sun.ac.za

6



**Dekaan**
**Prof JL (Wikus) van Niekerk**
Dekaansafdeling, 5de vloer
021 808 4203
engdean@sun.ac.za

**Studente-ondersteuning, tutorprogram en verlengde kurrikulum program**
**Me Natalie White**
Algemene Ing. gebou
Dekaansafdeling, 5de vloer
021 808 3614
natalies@sun.ac.za





**Studenteretensie en -ondersteuning**
**Mnr August Engelbrecht**
Algemene Ing. gebou
Dekaansafdeling, 5de vloer
021 808 3947
august@sun.ac.za

# FAQ Tipiese Eerstejaarsvrae

**›› Ek wil graag 'n beurs bekom. Waar kan ek daarvan te hore kom?**
Die Fakulteit glo in gelyke geleenthede vir almal en daarom het die Fakulteit die beleid dat maatskappye ALLE beurse op die kennisgewingborde moet adverteer. In sommige gevalle sal 'n maatskappy 'n gegradueerde uit 'n spesifieke rigting benodig, bv. Siviele ingenieurswese. Sodanige kennisgewings sal op die kennisgewingbord van die spesifieke Departement verskyn. Jy kan ook vir advies vra by die Beurse- en Leningsafdeling in Admin A of via https://finaid.sun.ac.za/. Ongelukkig is geen verdere inligting oor beurse by die Dekaan of die Departemente beskikbaar nie.

**›› Wie kontak ek as ek nie na wense presteer nie en begin twyfel of ek met die kursus moet voortgaan?**
Maak eers 'n afspraak met mev Natalie White en bespreek die situasie met haar. Indien nodig, sal sy jou na die Dekaan verwys. Onthou egter dat jy vanaf die tweede jaar jou akademiese probleme met jou Departementele Voorsitter moet bespreek.

**›› Met wie praat ek as as ek gespanne voel weens my studies en ek graag met iemand daaroor wil gesels?**
Kontak me Natalie White wat dan vir jou 'n afspraak met die Fakulteit se opvoedkundige sielkundiges sal maak.

**›› Ek was siek. Moet ek 'n mediese sertifikaat indien?**
Jy hoef nie 'n mediese sertifikaat in te dien nie. Indien jy lesings misgeloop het, dan is dit jou verantwoordelikheid om by medestudente uit te vind watter werk jy moet inhaal. Indien jy 'n tutoriaal misgeloop het, sal jy nul kry vir daardie toets, maar die twee laagste tutoriaaltoetspunte word geïgnoreer wanneer die semesterpunt bereken word. Indien jy 'n hoofassessering misloop (A1 of A2), dan moet jy A3 skryf. Vir inhandiging van groot werkstukke, soos Interkulturele Kommunikasie se verslae of Rekenaarprogrammering se projekte, bespreek jou situasie so gou as moontlik met die dosent.

**›› Ek het gister my beursie en sambreel in die klas vergeet. By wie kan ek dit gaan soek?**
Verlore goedere wat in die Algemene Ingenieursgebou gevind is, word by me Ainsley Truter by die Dekaansafdeling, 5de vloer, ingegee. Items wat in enige ander geboue verlore geraak het, moet by die betrokke departement ingehandig word.

**›› Die dosente praat van A203 en K302. Hoe word lesingslokaalnommers georganiseer?**
Lokaalnommers dui die gebou, verdieping en lokaal aan. Byvoorbeeld, "A203" beteken die Algemene Ingenieurswese-gebou ("A"), tweede verdieping ("2"), lokaal 03. Ander geboue is: **B**: Bedryfsingenieurswese, **K**: Kennisentrum, **M**: Meganiese en Megatroniese Ingenieurswese, **C**: Chemiese Ingenieurswese, **E**: Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese en **S**: Siviele Ingenieurswese

**›› Dekaanslesing**
Die Dekaanslesing word inkorporeer in die module Interkulturele Kommunikasie 113 en vind gedurende die eerste semester op Maandae plaas. Tydens hierdie periode dra die Dekaan en Visedekaan baie belangrike inligting aan eerstejaars oor. Neem kennis dat hierdie 'n kredietdraende module is en jy dit moet bywoon.

**›› Waar koop ek my handboeke vir die eerste semester?**
Jy is welkom om jou handboeke by enige verskaffer te koop. Dit is jou keuse om harde kopieë of e-boeke te koop. Die Fakulteit Ingenieurswese neem geen verantwoordelikheid vir transaksies tussen jou en handboekverskaffers nie. Jy is vry om tweedehandse boeke direk by boekwinkels of senior studente te koop. **Klik hier** vir die kontakbesonderhede van verskaffers.

**›› Wie kan my help as my studentekaart my nie toegang tot die Studiesentrum gee nie?**
Stuur 'n versoek, via e-pos, aan mnr. Ulrich Smith by ubsmith@sun.ac.za om u kaart te aktiveer.

## Volg die Fakulteit Ingenieurswese op Sosiale Media







